REDAKSIONEEL

# 'N NUWE BEDELING

*Met hierdie uitgawe van „Koers" betree ons 'n nuwe bedeling. Vir etlike jaargange het „Koers" volgens 'n ooreenkoms met die P.U. vir C.H.O. amptelike en semi-amptelike stukke van die Universiteit gepubliseer in ruil vir finansiële ondersteuning. Hiermee het die redaksie m.i. 'n besondere diens gelewer beide aan die Universiteit en aan sy intekenaars: aan die Universiteit omdat ons blad 'n publikasiekanaal was om die werklike akademiese materiaal aan die publiek beskikbaar te stel; aan die intekenaars omdat daardeur leesstof van hoogstaande peil goedkoop aangebied is. Die deure van akademiese lewe is as 't ware oopgemaak en kostelike ware is ten toon gestel. Elkeen van die inougurele redes bv. vorm 'n belangrike bydrae op 'n bepaalde vakgebied.*

*Maar hierdie amptelike stukke het tog die nadelige effek gehad dat hulle 'n mate van stroefheid en daardeur verstarring aan die blad gegee het. Daarom is teen die einde van verlede jaar deur die lede (die eienaars) van „Koers" besluit dat die blad los gemaak moet word van verpligte amptelike stukke en daardeur sy vroeëre soepelheid moet herwin. Enkele semi-amptelike stukke soos bv. interfakultêre lesings sal nog hulle plekke in „Koers" kry, maar nie inougurele of geleentheidsredes nie, altans nie as gewone artikels nie.*

*Dit moet egter onder geen omstandighede geïnterpreteer word dat „Koers" hom in die toekoms van die P.U. vir C.H.O. of die akademiese as sodanig wil distansieer nie. Inteendeel, „Koers" kan op die oomblik nie bestaan sonder finansiële steun van die Universiteit nie, en sal hom inhoudelik altyd verbind voel aan die inrigting wie se gees en rigting hy na buite help vertolk.*

## Toekomstige beleid:

*„Koers" wil niks anders wees as 'n hulpmiddel in diens van die Christelike wetenskap nie. Daar is baie vakwetenskaplike tydskrifte wat vir die Christelike wetenskaplike beskikbaar is as publikasiemiddel. Merendeels is hierdie tydskrifte nie ingestel om die Christelike problematiek as sodanig op te neem nie. Dit is die gebied wat „Koers" betree.*

*Dan is daar nog die gewone intellektuele publiek wie se belangstelling gerig is op en gewek kan word vir akademiese leesstof. Dit is nogtans ook die strewe om hierdie leesstof nie so vakkundig van aard te maak dat die gewone intellektuele leser dit nie kan geniet nie.*

*Die ervaring het geleer, en dit is uiteraard ook so, dat 'n Christelike beskouing nie eksplisiet in elke artikel ingeweef kan word nie, sommige temas leen hulle net nie daarvoor nie. Waar dit moontlik is sal die strewe egter wees om die Calvinistiese beskouing na vore te bring, waar dit nie moontlik is nie, kan aanvaar word dat die basiese agtergrond Christelik sal wees, en geen artikel wat strydig is met 'n erkende*

*Calvinistiese standpunt sal sy plek in die blad kry nie.*

*Ons moet egter bedag wees op 'n eentonige en stagnante eenvormigheid. Daar is 'n groot verskil om basies met mekaar te verskil en om vanuit 'n Christelike standpunt na meer lig te soek langs verskillende weë. „Koers" wil graag 'n denkwisseling bevorder sonder om skade aan die fundamentele te doen. So word groter waarhede ontdek en die reeds bekende nog duideliker. Om hierdie rede aanvaar die redaksie nie verantwoordelikheid vir die menings van sy skrywers nie, en word geen artikel naamloos geplaas nie. Elke stuk wat verskyn is 'n persoonlike bydrae met persoonlike verantwoordelikheid, maar dan ook juis met eie klem en patroon.*

*Elke uitgawe sal egter 'n artikel bevat onder die opskrif „Perspektief". Hieraan sal 'n groot verskeidenheid van skrywers deelneem, om die groot omvang van ons belangstelling te verteenwoordig. Soos die redaksie ook aandui word wetenskap in die ruimste sin van die woord bedoel en is die doelwit om met die loop van tyd 'n sintese op te bou uit die groot verskeidenheid van perspektiewe op die lewe en alles wat dit omsluit. In hierdie artikels sal 'n poging aangewend word om die jongste standpunte op Calvinistiese grondslag m.b.t. die verskillende terreine aan te dui.*

*Dit spreek vanself dat die redaksie die ideaal koester om „Koers" verder uit te bou en finansieel selfstandiger te maak. 'n Reorganisasieplan sal u eersdaags bereik. Ons aanvanklike voorneme is om die blad soos tans tweemaan-*

*deliks te laat verskyn met ongeveer 100 bladsye per uitgawe. U sal saamstem dat dit dan maklik kan opweeg teen enige van sy soort. Dit behoort 'n trotse besitting vir elke Calvinis te wees, want dit is die trotse draer van beskouings oor 'n Christelike wetenskap.*

*W. N. Coetzee.*